



Hoërskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 129, TUINE, Kaapstad, 8001. Tel. nr.: 021 423-6347
ontvangs@janvanriebeeck.co.za

BETALING VAN SKOOLGELDE (AANHANGSEL "A")

BEIDE *OUERS WORD HIERMEE VERSOEK OM AANHANGSEL "A"
MET BETREKKING TOT DIE BETALING VAN SKOOLGELD TE ONDERTEKEN.

VERKLARING DEUR OUERS VAN LEERDER

**Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 beteken "OUER": (a) Die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder; (b) Die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder of (c) Die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.*

Ek/ons, die ondergetekendes,

OUER 1	
OUER 2	

ouers van die volgende leerders:

1.		Graad	
2.		Graad	
3.		Graad	

verklaar hiermee dat ek/ons (die "ouers")

1.	Kennis dra dat Hoërskool Jan van Riebeeck 'n skoolgeld-betalende skool is en dat ouers "gesamentlik en afsonderlik" aanspreeklik en verantwoordelik is vir die stiptelike betaling van die skoolgeld soos bepaal in-gevolge artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, tensy en tot die mate waartoe ek/ons vrygestel is kragtens die Wet; (artikel 40)
2.	Kennis dra dat die totale bedrag skoolgeld, soos bepaal deur die Beheerliggaam, aan die begin van die jaar vooruitbetaalbaar is. Die Beheerliggaam het dit egter goedgekeur dat skoolgeld in tien (10) maandelikse paaie-mente of vier (4) kwartaallikse paaie-mente as 'n vergunning vooruit betaal mag word. Die volle bedrag skool-geld is betaalbaar voor/op 31 Oktober elke jaar.
3.	Kennis neem dat, indien een maand se betaling oorgeslaan word en ek/ons sodoende agterstallig sou raak met betaling, en indien ek/ons nie algeheel, gedeeltelik of voorwaardelik vrygestel word van betaling nie, die volle jaar se skoolgeld opeisbaar en betaalbaar sal wees.
4.	Kennis dra dat ek/ons kan aansoek doen in terme van Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld, indien van toepassing. Die prosedure waarvolgens die Beheerliggaam aansoeke beoordeel word in die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld, Regulasie 1052 van 18 Oktober 2006 uiteengesit. Indien ek/ons van voorneme is om aansoek te doen, sal die relevante aansoekvorm (by die skool se finansiële kantoor, op die webwerf of elek-tronies per e-pos beskikbaar) volledig voltooi word en saam met alle stawende dokumente voor of op 28 Feb-ruarie by die finansiële kantoor ingehandig word. By voltooiing van die vorms is vrystelling nog nie toegestaan nie. Dit sal eers gefinaliseer word nadat alle brondokumente nagegaan is deur die Beheerliggaam en ek/ons ingelig is van die uitslag van die aansoek om vrystelling.

5.	Kennis dra dat in terme van Artikel 41 (1) van die SA Skolewet die Beheerliggaam regstappe mag neem teen ouers wat nie hul verpligtinge t.o.v. die betaling van skoolgelde nakom nie. Indien ek/ons nalaat om die bepalings na te kom, sal ek/ons (indien van toepassing) aanspreeklik wees vir enige koste wat aangegaan sal word om my/ons op te spoor. Ek/ons sal aanspreeklik wees vir alle regs-koste volgens 'n prokureur-en-kliënt-skaal, tesame met enige ander koste, wat aangegaan word om die voorgeskrewe skoolgelde van my/ons te verhaal.
6.	Kennis dra dat die Beheerliggaam by magte is om enige tekorte wat mag voorkom in terme van die begrote bedrae en die begrote items, vanaf surplusse wat mag voortspruit uit ander aktiwiteite aan te vul, mits die totale begroting nie oorskry word sonder goedkeuring by 'n ouervergadering nie.
7.	Kennis dra dat akademiese leerareas waar nie fooie gehef word nie en sekere buite-kurrikulêre aktiwiteite, wat ingesluit is in die skoolprogram, deur die skoolgeld befonds word. Alle gelde wat aan die skool betaal word deur ouers word eerstens aangewend vir die betaling van skoolgeld. Leerareas waar fooie gehef word, koshuisakkommodasie, handboeke, skooluniform en busvervoer asook ander aktiwiteite word nie deur die skoolgeld befonds nie en dra 'n addisionele koste.

en onderneem om skoolgeld as volg te betaal (merk met X in die blokkie van u keuse)

	OUER 1	OUER 2
Enmalige betaling van skoolfonds voor of op 31 Januarie: (5 % Korting op skoolgeld word toegestaan.)		
Kwartaalliks: 1ste paaiement betaalbaar teen 31 Januarie / 2de paaiement betaalbaar teen 1 April / 3de paaiement betaalbaar teen 1 Julie / 4de paaiement betaalbaar teen 1 Oktober.		
Maandeliks: 10 gelyke paaiemente (Betaalbaar voor die einde van elke maand, beginnende Januarie en eindigend Oktober).		
Debietorder: Indien u verkies om per debietorder te betaal, voltooi asseblief 'n debietordervorm.		
Aansoek vir vrystelling: Sal voor 28 Februarie ingehandig word.		

OUER 1 NAAM _____ HANDTEKENING _____ DATUM _____

OUER 2 NAAM _____ HANDTEKENING _____ DATUM _____

BL-VOORSITTER NAAM _____ HANDTEKENING _____ DATUM _____

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET NO.84 VAN 1996
REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD

ALLE OUERS moet asseblief hierdie bylaag voltooi, al stel u nie belang om aansoek te doen om vrystelling vir die betaling van skoolgeld nie. (Sien asb definisie van "ouer" op bladsy 1.)
 Let wel, hierdie vorm dien nie as aansoek om vrystelling van betaling van skoolgeld nie.
 Merk asb. die korrekte blokkie met 'n kruisie en onderteken.
('n Afskrif van die ondergetekende vorm sal aan u oorhandig word.)

KONTROLELYS: OUER/VOOG 1

NAAM VAN LEERDER/S _____

		JA	NEE
1.	Het die skool u in kennis gestel wat die bedrag van die jaarlikse skoolgeld is? <small>LW Skoolgeld is onderhewig aan jaarlikse verandering.</small>		
2.	Het die skool u in kennis gestel dat u skoolgeld moet betaal, tensy u geheel/gedeeltelik van die skoolgeld vrygestel word? (Artikel 40)		
3.	Het die skool u ingelig dat u geregtig is om vir vrystelling van die betaling van die skoolgeld aansoek te doen?		
4.	Indien u kwalifiseer vir vrystelling , sou u belangstel om aansoek te doen daarvoor? (Indien "JA", haal asseblief 'n aansoekvorm by die finansieskantoor.)		
5.	Benodig u hulp met met die indiening van die aansoek? (Indien wel, vra gerus by die finansiekantoor.)		
6.	Het die skool u van 'n aansoekvorm vir die vrystelling voorsien? (Kom haal asseblief 'n aansoekvorm by die finansieskantoor.)		

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

OUER 1 NAAM _____ HANDTEKENING _____

SKOOLHOOF NAAM _____ HANDTEKENING _____

KONTROLELYS: OUER/VOOG 2

NAAM VAN LEERDER/S _____

		JA	NEE
1.	Het die skool u in kennis gestel wat die bedrag van die jaarlikse skoolgeld is? <small>LW Skoolgeld is onderhewig aan jaarlikse verandering.</small>		
2.	Het die skool u in kennis gestel dat u skoolgeld moet betaal, tensy u geheel/gedeeltelik van die skoolgeld vrygestel word? (Artikel 40)		
3.	Het die skool u ingelig dat u geregtig is om vir vrystelling van die betaling van die skoolgeld aansoek te doen?		
4.	Indien u kwalifiseer vir vrystelling , sou u belangstel om aansoek te doen daarvoor? (Indien "JA", haal asseblief 'n aansoekvorm by die finansieskantoor.)		
5.	Wil u graag hulp ontvang met die indiening van die aansoek? (Vra asseblief hulp by die finansieskantoor)		
6.	Het die skool u van 'n aansoekvorm vir die vrystelling voorsien? (Kom haal asseblief 'n aansoekvorm by die finansieskantoor.)		

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

OUER 2 NAAM _____ HANDTEKENING _____

SKOOLHOOF NAAM _____ HANDTEKENING _____